

INFORMASIE-TEGNOLOGIE

INFORMATION TECHNOLOGY

HOEKOM WAG? VERANDER NOU!

Elke 90 dae gee jou rekenaar 'n boodskap wat jou laat sug van moedeloosheid en jy dan eerder ignoreer en uitstel tot op die nippertjie. En hoekom? Want dit verg 'n klein bietjie moeite en breinkrag om 'n oorspronklike wagwoord uit te dink wat jy nie na twee dae gaan vergeet nie.

Wagwoorde een van daai dinge soos belasting, munisipale rekeninge en onnodige bankkoste - frustrerend, maar nodig (goed, miskien is hulle nie almal per se nodig nie, maar julle verstaan my punt.)

Die beste oplossing is om dit so vinnig as moontlik te doen en dan hoef jy nie vir die volgende 14 dae gekonfronteer te word deur 'n treiterende boodskappie nie. Om die proses so vinnig en pijnloos moontlik af te handel, gee ons 'n paar voorstelle.

As jy die eerste keer die boodskap kry, gaan direk na <http://www.sun.ac.za/useradm>. Voordat jy jou wagwoord verander, log eers uit inetkey en Outlook om die sinkronisasieproses te vergemaklik. Indien moontlik, moenie "wireless" gebruik as jy jou wagwoord verander nie, gebruik eerder jou netwerkkabel en deaktiveer "wireless".

Indien die rekenaar slegs tuis gebruik word, en nie op die netwerk gekoppel is nie, sal die verandering van wagwoorde net 'n effek hê op u e-pos en inetkey op die tuisrekenaar en sal die aanvanklike wagwoord van die rekenaar nie ook verander, tensy dit op die netwerk gekoppel word nie. Vir wagwoorde om korrek te sinkroniseer, moet die rekenaar/laptop aan een van die US se domeins gekoppel wees.

Hierdie week is daar in 6.5 miljoen LinkedIn rekeninge ingebreek en dit beklemtoon weereens die noodsaaklikheid van 'n sterk wagwoord.

Let veral op die volgende:

- Die vorige 10 gebruikte wagwoorde kan nie weer gebruik word nie.
- Jou gebruikersnaam, naam of huidige wagwoord mag nie deel vorm van jou nuwe wagwoord nie.
- Jou wagwoorde moet bestaan uit 8 of meer karakters.
- Wagwoorde moet karakters uit 3 van die 4 onderstaande groepe bevat: Klein letters, hoofletters, syfers, spesiale karakters (byvoorbeeld %, \$, #)

Gebruik 'n woord wat aan jou bekend is of iets waarvan jy hou en vervang van die letters met 'n nommer of verskuif die hoofletters, byvoorbeeld:

D1tiswin7er = Dit is winter

P@nn3koeK = Pannekoek

warMKoff13 = Warm koffie

Wanneer jy jou wagwoord op <http://www.sun.ac.za/useradm> verander, verander ook die wagwoord ooreenstemmend op al jou ander toestelle. (selfoon, tablet, ens.) Indien jy nie jou ander toestelle by jou het nie en dit aan die internet gekonnekteer is tuis, vra dat iemand tuis dit vir jou afskakel terwyl jy jou wagwoord verander. Skakel ook onmiddellik jou



toestel (rekenaar, tablet of selfoon) af nadat jy jou wagwoord suksesvol verander het sodat dit kan sinkroniseer.

Indien jy die wagwoord verander het en dit nie gou genoeg op jou Selfoon/Tablet opdateer het nie, verander dit na die nuutste wagwoord en skakel IT om rekening te "unlock". Dit sal verhoed dat jy jou wagwoord weer moet verstel.

Posted in:Algemeen, Sekuriteit | Tagged:Wagwoord | With 3 comments